HOOFSTUK
# 9 Opsomming

## Bankversoening

Die proses wat gevolg word om die Bankstaat met die kontantjoernale te vergelyk. Rekonsiliasie word gedoen om die bedrae wat die rekening verlaat te pas met bedrae wat gespandeer is.

Ontleding van die Bankstaat en Bankversoeningstaat:

## Debiteure- en Krediteureversoening met die Debiteure– en Krediteurelys

| | |
|---|---|
| **Stap 1** | Paar die saldo van die Debiteur (hoeveel die Debiteur jou skuld) en die kontant ontvang vanaf die Debiteur. |
| **Stap 2** | Wanneer die skuld agterstallig is, volg op met Debiteur rakende die betaling. Indien Debiteur nie betaal nie moet die onderneming hef op die agterstallige debiteurerekening. |
| **Stap 3** | Verseker dat die DEBITEUREKONTROLE saldo gelyk is aan die saldo op die debiteurelys. |
| **Stap 4** | Paar die saldo van die krediteur (wat jy die krediteur skuld) en die kontant betaal aan die krediteur. |
| **Stap 5** | Wanneer die skuld verskuldig aan die krediteur word maak seker dat die betaling plaasvind en vermy sodoende dan rente op agterstallig krediteurerekening. |
| **Stap 6** | Verseker dat die KREDITEUREKONTROLE saldo gelyk is aan die saldo op die krediteurelys. |

### Stappe in die krediteureversoeningsproses

| | |
|---|---|
| **Stap 1** | Vergelyk die staat wat ontvang is van die krediteur met die krediteurerekening in die Krediteuregrootboek. |
| **Stap 2** | Dui die verskille aan deur die bedrag en/of besonderhede te omkring of uit te lig. |
| **Stap 3** | Stel die Krediteureversoeningstaat op en balanseer. |
| **Stap 4** | Voorsien die krediteur met 'n Krediteureversoeningstaat. |
| **Stap 5** | Betaal die krediteur die Gevrade bedrag deur middel van 'n tjek of EFO. |

## Ouderdomsontleding

- Bepaal hoe betalings aan krediteure gemaak is en hoe geld by debiteure ingesamel is.
- Die saldo van die bedrae word dan in tydperke opgedeel.
- Drie periodes kan soos volg wees: huidige tydperk, 30 dae, 60 dae, 90 dae, meer as 90 dae.
- Dit is 'n hulpmiddel om die onderneming se uitstaande skuld te bestuur.
- Dit gee 'n aanduiding of die Debiteur aan die onderneming se kredietvereistes voldoen.
- Twee reëls moet gevolg word:
  - Terugsending moet van onlangse verkope afgetrek word
  - Betalings word van die oudste skuld afgetrek.

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.